

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 4

Die Troon in die hemel: Openbaring 4:1-11

Om die res van die boek Openbaring te verstaan is dit nodig om nou eers 'n skematiese voorstelling te gee van (ten minste) hoe die boek se eerste gedeelte saamgestel is.

Hoofstuk 4

- Die visioen van die troon in die hemel – en wat by die Troon gebeur.

Hoofstuk 5

- Die Lam verskyn voor hierdie troon.
- Hy ontvang die boek met die sewe seëls.

Hoofstuk 6

- Die hoofstuk beskryf hoe die eerste seëls verbreek word.
- (Die sewende seël word eers in hoofstuk 8 verbreek!)

Hoofstuk 7

- Uit die eerste ses seëls se oopmaak het dit duidelik geword dat die Evangelie groot teëstand gaan kry.
- Hoofstuk 7 beskryf met gesigte hoe die Here se genade die wat glo, red en versorg – Hy red en verseël die gelowiges.
- (Hoofstuk 12 en hoofstuk 14 sluit weer by hoofstuk 7 aan.)

Hoofstuk 8

- Die sewende seël word oopgemaak en die sewe engele met hulle sewe basuine verskyn.

Inleiding – hoofstuk 4

God se wil bepaal wat met elke ding gebeur (vers 11).

- Daardie wil is vasgestel om alles letterlik van ewigheid tot ewigheid te beheer en so te laat gebeur.
- Hier verskyn God self eers op die troon – daarna verskyn die Lam voor die troon om die boek (raadsbesluit) van God oop te maak en in werking te stel.

Die bedoeling van die troonopenbaring is om reg aan die begin al aan te toon dat God alleen regeer!

- Hy alleen is die Oppermagtige Heerser.
- Alles en almal is aan Hom diensbaar.
- Alles, maar alles, is aan die Een op die troon onderworpe.

God het nie maar net in hierdie stukkies openbaring op die troon bestaan nie.

- Hy is ewig en altyd as Soewereine Regeerder op die troon – ook op hierdie oomblik.
- Elke oomblik loof en prys die lewende wesens en die ouderlinge Hom – ook nou.

Vers 1

Ná hierdie dinge het ek gesien kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. (Openbaring 4:1 AFR1953)

Ná hierdie dinge . . .

Dit beteken: Nadat alles gebeur het wat van hoofstuk 1:9 – 3:22 beskryf staan.

Daarna sien Johannes 'n deur in die hemel. Die deur staan oop!

- Let op dat hy dit sê voordat hy sê dat hy terstond in die gees was en in die gees voor God se troon was!
- Hy sien in die hemel 'n deur wat oopgemaak was. Die hele hemel is nie oop (toeganklik) nie!

Johannes mag deur die oop deur in die hemel instap.

- Nadat hy ingegaan het, gaan die Here – van die binnekant van die hemel af – aan hom al die dinge openbaar wat hy in die volgende hoofstukke gaan beskryf.
- Hierdie oop deur is die simbool van soewereine vergunning, vryheid, verlof, toestemming om te mag ingaan.

*NB: Die woord **deur** suggereer dat die Here dit kan toemaak as Hy wil!*

Hy hoor ook die stem wat op die strand met hom gepraat het.

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige. (Openbaring 1:7-8 AFR1953)

Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin, wat sê: (Openbaring 1:10 AFR1953)

Die stem is dus die stem van die Here Jesus.

- Dis die stem van die Here Jesus wat die sewe briewe wat hy sopas klaar geskryf het, gedikteer het!

Wat het hier gebeur?

- Die indruk is dat die stem van die Here Jesus met Johannes gepraat het en dadelik sy hele wêreld en omgewing verander!

Die feit dat die Here vir Johannes gaan wys wat gaan gebeur, maak dit baie duidelik dat ons hier met toekomsvoorspelling te doen het.

NB: Waar daar dus verwysings is na dinge wat reeds gebeur het, is dit om die effek daarvan op die toekoms aan te toon.

Vers 2

En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon. (Openbaring 4:2 AFR1953)

Toe Johannes die stem van die Here Jesus hoor, het sy wêreld in daardie oomblik verander. Hy was meteens in die hemel!

- Die woordjie *kyk* gee uiting aan sy verwondering oor die vreemde dinge wat hy sien nadat hy deur die deur is!
- Hy sien 'n troon! Dis duidelik dat hy nie verwag het om juis dit te sien nie!
- Die troon beeld die onbeskryflike heerlijkheid en almag van God uit! God is die Koning wat onbeperk en vir ewig heers!

NB: Die troon van die Here beeld twee dinge uit:

- Die een is soewereine heerskappy, en
- die ander een is regspraak (gerig/oordeel).

In hierdie gesig is die troon die heersersetel waarvandaan God sy regering oor die hele wêreld en die hele skepping laat uitgaan. Dit is ook die bewys van die Here se majesteit en oorwinning.

Vers 3

En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. (Openbaring 4:3 AFR1953)

Daar is 'n paar plekke in die Bybel waar die Bybelskrywers onder die leiding van die Heilige Gees in heilige eerbied 'n beskrywing te gee van Hom wat op die troon sit.

Toe het ek gekyk – en daar het 'n stormwind uit die noorde gekom, 'n groot wolk met onophoudelike vuur; en 'n glans was rondom die wolk, en daaruit, uit die vuur, het iets soos blinkende metaal geskitter. (Eségiël 1:4 AFR1953)

In die sterfjaar van koning Ussia het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. (Jesaja 6:1 AFR1953)

Ek sien toe iets soos blinkende metaal; van wat soos sy lendene gelyk het boontoe soos vuur, rondom in 'n omhulsel gevat; en van wat soos sy lendene gelyk het ondertoe, het ek iets gesien soos vuur met 'n glans daaromheen. (Eségiël 1:27 AFR1953)

Die bedoeling van die beskrywing deur Johannes is om die skitterende heerlijkheid van die Here te beskryf.

- Die majesteit van die Here word uitgebeeld met die verwysing na jaspis, sardius en smarag.
 - Die steen *jaspis* kom voor in verskillende kleure, maar in Openbaring 21:11 word gesê dat dit blink soos kristal!

en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.

(Openbaring 21:11 AFR1953)

- Die steen sardius is vleis- of bloedkleurig.
- Die steen smarag is groen. Die boog wat rondom die troon van die Here span, is groen. Vergelyk hiervoor Esegieël 1:28

Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk. So het die verskyning van die heerlijkheid van die Here gelyk. En toe ek dit sien, het ek op my aangesig geval en die stem gehoor van Een wat spreek. (Eségiël 1:28 AFR1953)

Tradisioneel beteken die kleure die volgende:

- Blink beteken God se majesteit (jaspis)
- Rooi/vleiskleurig beteken lewe (sardius)
- Groen beteken onveranderlikheid/trou (smarag)

Vers 4

En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad. (Openbaring 4:4 AFR1953)

Rondom God se troon is (staan?) daar 24 ander trone.

- Op hierdie trone sit daar mense! (Sy verbasing oor die andersheid wat hy raakloop agter die deur gaan dus voort!)
- Die mense het 'n bepaalde amp – wat God natuurlik aan hulle toegeken het! (Die Bybel verswyg juis die woord *verkies tot die ouderlingskap* om die andersoortigheid van God se regering en toekenning van wie in die amp mag staan te beklemtoon!) Hierdie manne wat op die trone sit, het almal wit klere aan. Vergelyk vir die wit klere onder andere die volgende tekste:

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. (Openbaring 3:5 AFR1953)

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. (Openbaring 3:18 AFR1953)

Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle tranes van hulle oë afvee. (Openbaring 7:13-17 AFR1953)

Johannes 20:12: **en sien twee engele daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het.**

Handelinge 1:10: **En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle,**

Openbaring 3:4: **Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.**

Openbaring 4:4: **En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad.**

Openbaring 6:11: **En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.**

Openbaring 7:9: **Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;**

- Verder het die ouderlinge ook nog goue krone op hulle koppe gehad.
 - Die krone (*oorwinningskrone* – want hierdie woord kom van die woord *lourierkrans* wat 'n atleet tydens die Olimpiese spele gekry het as hy gewen het!)
- Hulle klere getuig ook van oorwinning – in die Here Jesus se bloed – want dit is wit: dus rein.
- Die ouderlinge was eerwaardige ou manne (dis die letterlike betekenis van *presbyteros*) – hulle was beslis nie engele nie!
- Die ouderlinge verteenwoordig die heilige algemene Christelike kerk. Die getal 24 is 'n simboliese getal ($12 \times 2 = 4 \times 3 \times 2$: 4 is die getal van die aarde waar die Here die gemeente laat woon het; 3 is die getal van God self; 2 is die getal van die mens).

Vers 5

En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand; (Openbaring 4:5 AFR1953)

Die majesteit en die krag van God word geopenbaar in die weerligte, donderslae en stemme wat uit die troon uitgaan.

Daar is meer beskrywings in die Bybel – wat oor baie eeue strek – wat almal na hierdie tekens (en nog meer) verwys. Vergelyk hierby die volgende Bybelgedeeltes:

En op die derde dag toe dit môre word, was daar donderslae en blitse en 'n swaar wolk op die berg en die geluid van 'n baie sterk basuin, sodat die hele volk wat in die laer was, gebeef het. (Eksodus 19:16 AFR1953)

En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. (Eksodus 20:18 AFR1953)

Daarna brul sy stem, Hy donder met sy stem vol majesteit en hou die bliksems nie terug as sy stem gehoor word nie. God donder wonderbaar met sy stem; Hy doen groot dinge wat vir ons onbegryplik is. (Job 37:4-5 AFR1953)

Met die woord *stemme* word ander geluide aangewys as die van die gerommel van swaar weer.

En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing. (Openbaring 8:5 AFR1953)

En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael. (Openbaring 11:19 AFR1953)

Dit is duidelik dat die majesteit van God oorweldigend en onbeskryflik is. Daarom kom daar nog 'n beeld by. Die beeld openbaar dat die Here selfs nog meer en nog groter is as dit wat tot nou toe gesê is:

en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is,

Kom ons verklaar eers die beeld self: Die fakkels is in totaliteit vuur! Die hele fakkel (elkeen en almal saam) is een bondel vuur.

Weer is dit 'n beeld van totaliteit: reg rondom en alles is vuur – met ander woorde: dit gee lig. Daarmee word God die Heilige Gees en sy werking beskryf. Die sewe brandende fakkels is dieselfde as die sewe Geeste in Openbaring 1:4:

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, (Openbaring 1:4 AFR1953)

Die getal sewe is die goddelike getal wat die volheid van God aantoon in sy werking – die Here het in ses dae die hele skepping afgehandel en op die sewende dag gerus.

- Die verskyning van die Heilige Gees as sewe vuurfakkels beskryf die Heilige Gees in sy werk in die kerk (gemeentes) van die Here.
- Die Heilige gees werk dus volmaak – en sy werk stuur af op volmaakte afronding.
- God die Heilige Gees werk op twee vlakke:
 - Hy gee lig – bring mense tot insig en bekering.
 - Maar Hy brand ook skoon – verwyder diegene wat nie wil/kan glo nie.

Die werk van die Heilige Gees word deur die sewe brandende fakkels voorgestel as die vrug van die heilswerk van die Here Jesus Christus.

- Die Heilige Gees werk bepaalde gawes in die kerk/volk van die Here.
- Vergelyk hierby die volgende uitsprake in die Bybel:

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, (1 Petrus 2:9 AFR1953)

Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.
(Jesaja 43:21 AFR1953)

Vers 6

en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter. (Openbaring 4:6 AFR1953)

'n see van glas soos kristal, . . .

Die beeld van die see ('n groot watermassa op die aarde) is voor die hand liggend, want Johannes sien hierdie gesigte op die strand.

- Daarom sien hy 'n herskepte skepping waarin die skepping heeltemal anders lyk as wat ons dit hier ken.
- Daarom sê die beeld dat die see van glas is: die see is dus totaal helder en deurskynend. Volmaak.

En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God.
(Openbaring 15:2 AFR1953)

Tog openbaar die Here dat daar nie 'n see op die nuwe aarde is nie! Dit is dus 'n skepping wat heeltemal anders is as die een wat ons hier ken! Ons lees dit in Openbaring 21:1:

En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

(Openbaring 21:1 AFR1953)

Vraag: Gaan daar walvisse en waterdiere op die nuwe aarde wees?

As daar nie 'n see op die nuwe aarde is nie, is die vraag: Van watter see praat Johannes dan? Wat sien hy?

Ons kry die antwoord waarskynlik in Eksodus 30:18-20

Jy moet ook 'n koperwaskom maak met sy kopervoetstuk, om in te was; en sit dit tussen die tent van samekoms en die altaar, en gooi water daarin, 19 dat Aäron en sy seuns hulle hande en hulle voete daaruit kan was. 20 As hulle in die tent van samekoms gaan, moet hulle hul met water was, sodat hulle nie sterwe nie; of as hulle naby die altaar kom om te dien deur 'n vuuroffer aan die H_{ERE} aan die brand te steek. (Eksodus 30:18-20 AFR1953)

Die gedagte by Skrifverklaarders is dat die troon wat Johannes sien, aansluit by die troon van die Here wat in die allerheilige staan.

- Al die ander dinge sluit waarskynlik daarby aan, naamlik die lampe teen die muur (vuurfakkels!) en die altaar waarop die brandoffer gebring is.
- Daarom word dit so verklaar dat hierdie waskom juis daardie waskom is, maar omdat dit nou in die volmaakte is, is dit van glas.
- *Daar word geglo dat die waswater in hierdie waskom simbool is van die bloed van die Lam. Die **glas soos kristal** beeld die geregtigheid en die reinheid van die Here Jesus se soenbloed uit. Dit beeld ook die heilsuitwerking daarvan op ons uit.*

En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. (Openbaring 7:14 AFR1953)

Hierdie mense sou dan hulle klere in die waskom was – waarin die bloed van die Lam is.

Die terme **glas** en **kristal** wys op helderheid en deursigtigheid, glans, reinheid en skitterendheid.

- Dit wys hoe alles vir en by die Here is.
- Vir Hom is alles helder en deursigtig in sy skitterende Goddelike heerlijkheid.

. . . en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.

Niemand weet waar hierdie vier lewende wesens presies staan nie.

- Waarskynlik is daar rondom die troon vier rye trappies – een ry aan elke kant: voor agter en weerskante.
- Die suggestie is dat hierdie vier lewende wesens elke keer in die middel van die vier stelle trappies is.

Wat is die vier lewende wesens? Is dit diere, mense of engele?

- Die antwoord is dat dit nie een van die drie is nie.

- As dit mense was, sou die Here hulle so geopenbaar het – want die vier-en-twintig ouderlinge is duidelik mense.
- Gerubs lyk anders. Vergelyk die volgende tekste:
En die gérubs moet die vlerke boontoe uitgesprei hou, terwyl hulle met hul vlerke die versoendeksel beskut; en hulle aangesigte moet na mekaar toe wees; die gesigte van die gérubs moet op die versoendeksel gerig wees. (Eksodus 25:20 AFR1953)
- Serafs kon dit ook nie wees nie. Vergelyk byvoorbeeld:
Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. (Jesaja 6:2 AFR1953)
- Die vier lewende wesens is bloot wesens wat lewe – dis die naaste wat ons aan uitkenning kan kom.

Die feit dat hulle oë reg rondom hulle koppe het van voor en van agter – beteken dat hulle alles waarneem.

- Daar is niks wat hulle aandag ontglip nie.

Die feit dat daar vier is, is ook 'n simboliese getal wat daarop dui dat hulle die hele skepping verteenwoordig (hulle verteenwoordig alle lewe en alle kragte wat daar in die skepping is – Greijdanus)

Vers 7

En die eerste lewende wese was soos 'n leeu, en die tweede lewende wese was soos 'n kalf, en die derde lewende wese het 'n gesig gehad soos 'n mens, en die vierde lewende wese was soos 'n arend wat vlieg. (Openbaring 4:7 AFR1953)

Elkeen van die vier lewende wesens lyk anders as die ander een – met rede ook, want elkeen beeld 'n ander deel van die skepping uit.

- Die eerste een lyk soos **'n leeu**.
 - Hy is die beliggaming van die ryk van die wilde diere.
 - 'n Leeu is die beeld van moed.
- Die tweede een lyk soos **'n kalf**.
 - Hy verteenwoordig die mak diereryk.
 - 'n Kalf is die beeld van krag.
- Die derde een **het 'n gesig soos 'n mens**.
 - Hierdie wese beeld die deel van die skepping uit wat redelikheid en verstand het.
- Die vierde een is **soos 'n arend wat vlieg**.
 - Die arend beeld die hele ryk van die voëllewe uit.
- Die arend is die simbool van skerp waarneming.

Vers 8

En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! (Openbaring 4:8 AFR1953)

Die vers gaan verder met 'n beskrywing van die vier lewende wesens.

- Al is hulle nie serafs of gerubs nie, het elkeen van hulle ses vlerke.
- Die vlerke is die simbool van beweeglikheid.

Hulle taak is om met bewondering, terwyl hulle God loof, die majesteit en ontsaglike grootheid en aanbidding en heiligheid van die Here uit te roep.

- Die feit dat hulle dit onophoudelik doen, is om daarmee die hele wêreld op te roep om dit ook te doen.
- Die drie uitroepe – **heilig, heilig, heilig** – is enersyds aanbidding van God.
- Andersyds is dit verklarend van hoe God is: die Vader en die Seun en die Heilige Gees is heilig (daarom is die uitroep drievoudig).

Heilig beteken *afgesonder wees*.

- Dus: afgesonder, weg van die sonde af.
- Dit teken die teenoorgestelde van die sonde.

Hierdie uitroep(e) is aanhoudend en onverpoosd. Dit hou nooit op nie.

- **. . . dag en nag . . .**

Daar is nie dae en nagte in die hemel nie. Dis een ewige dag. Die Here self gee lig met sy heerlijkheid wat vir ewig en ononderbroke uitstraal.

En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

(Openbaring 21:23 AFR1953)

- Die woorde **dag en nag** onderstreep net die onophoudelikheid daarvan – dis bloot aardse terme wat die oneindige aanbiddingswaardigheid en heerlijkheid van die Here uitdruk.

. . . wat was en wat is en wat kom . . .

Dit druk die ewige bestaan en die ewige regering van God uit.

Vers 9

En elke keer as die lewende wesens heerlijkheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

(Openbaring 4:9 AFR1953)

Vers 10

val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:

(Openbaring 4:10 AFR1953)

Vers 11

U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.

(Openbaring 4:11 AFR1953)

Die lof aan die Here gebeur met 'n beurtsang (beurtlofprysing?).

- Die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge wissel mekaar af.

- Die vier lewende wesens prys en eer en dank die Here.
- Dan bevestig die vier-en-twintig ouderlinge dit.
- Kyk weer wat gebeur!
 - Die vier lewende wesens roep drie maal die heiligheid van God die Here uit
 - Die Here word in sy ewige bestaan geloof en geprys:

Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! (v.8)
 - Onmiddellik val die verteenwoordigers van die hele kerk van die Here in en lofprys die Here

. . . val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape (Openbaring 4:10, 11 AFR1953).

Hierdie beurtelinge aanbidding word 'n kring (sirkel van gebeure) wat tot in ewigheid aanhou. Die beurtsang roem en aanbid en dank God die Here sonder ophou. Sy grootheid en heerlikheid word tot in ewigheid herdenk en met alles wat lewe se dank verseël.

. . . heerlikheid en eer en danksegging gee . . .

Die **heerlikheid** van die Here bedoel sy heilige majesteit wat van Hom af uitstraal.

- Dis 'n majesteit wat so heerlik is dat dit vernietigend is.
 - Alles wat onheilig is, word doodgewoon doodgeskroei (weggeskroei) – daarom moet die engele by die Here hulle oë toemaak met hulle een stel vlerke.
 - Daarom word mense ook doodgebrand as hulle die heiligheid van God sien – ons is onheilig!

Danksegging is die roemende waardering wat ons het vir God se genade en goedertierenheid.

- Danksegging is ook ons dank vir alles wat die handwerk van God in sy genadewerking oor ons beskik.

. . . voor Hom wat op die troon sit . . .

- Die woorde gee uitdrukking aan die grootheid en hoogheid van God.
- Die regering van God gaan van sy troon af uit oor alles en almal.
- Die feit dat God op die troon sit, beeld Hom uit as
 - Skepper,
 - Regeerder en
 - Regter.

. . . Hom wat tot in alle ewigheid lewe . . .

- Die Here is die Ewiglewende – Hy is nie gebore of gemaak nie. Hy was en is net daar.
- Hy is ook die Onveranderlike.
- Sy majesteit verdonker nooit nie.
- Hy sondig ook nooit nie– geen vorm van verderflikheid het enige toegang na Hom toe nie. Hy bly vir ewig Goddelik volmaak.

As sulks word die Here deur die vier lewende wesens en die ouderlinge aanbid.

- Die ouderlinge val voor Hom neer.
 - Dis 'n daad wat met geen huiwering of enige onsekerheid uitgevoer word nie – hulle weet presies wat om te doen: hulle val neer.
 - Die ouderlinge buig hulleself dus vinnig tot op die grond neer en aanbid die Here as die hoë en ewige God wat vir ewig in sy heerlijkheid lewe.
- Dan gooi hulle hulle krone voor Hom neer.
 - Dit beteken dat hulle die Here alleen as die groot Koning erken en bely.
 - Die feit dat hulle as oorwinnaars bekroon is, is alleen aan die Here te danke.

. . . U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag . . .

Twee dinge dryf hulle om die Here so te aanbid:

- Die een is die genade wat hulle van die Here af gekry het (om as oorwinnaars gekroon te wees en om ouderlinge te wees en om Hom te mag aanbid).
- Die tweede een is die heerlijkheid en die grootheid van God self.

. . . o Here . . .

Hier vertaal die 1933/53-vertaling die benoeming van die Here net met **o Here**. Die 1983-vertaling volg hier die grondteks (en daar is geen afwyking hiervan nie!) met **o Here ons God** (letterlik staan daar: **o Here, en wat ons God is**)

In hierdie woorde kom die besondere genadeverhouding tussen ons en die Here uit.

. . . want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape . . .

- Al is die Here die Skepper van alle dinge, is Hy om Christus wil ons Vader en Here.
- Ons is sy uitverkore en verlose gemeente.

Die gedeelte sluit aan by Genesis 1 en by Johannes 1.

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. (Genesis 1:1 AFR1953)

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. (Johannes 1:1-3 AFR1953)

Alles wat daar is, moet die Here dus loof vir hulle bestaan. Die feit dat alles daar is, vat twee dinge saam:

- Die Here is hulle Skepper – sonder Hom sou hulle nooit tot bestaan gekom het nie.
- Die feit dat hulle steeds bestaan, is suiwer aan die wil van God te danke. Hy wil hê hulle/dit moet nog daar wees.

Die skepping is die openbaring van die Here se heerlijkheid en almag – onmeetbare krag.

- Die ouderlinge se lof en aanbidding is dus ook namens die hele skepping waaroor die mens aangestel is.
- In hulle aanbidding bely hulle dus die hele skepping (die mens = kerk) se nietige bestaan. Dit is alleen aan die wil van God te danke.

Kyk, die nasies is soos 'n druppel aan die emmer, en soos 'n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken. Kyk, Hy hef die eilande op soos 'n stoffie! (Jesaja 40:15 AFR1953)